

Paasfees: Sondag 12 April 2020

Fokusteks: Johannes 20:1-18 (19-31)

Paasfees is die hoogtepunt van ons kerklike jaar. Die opstanding van Christus uit die dood is die kern van die christelike geloof. Die dag wanneer ons begin twyfel of Jesus regtig uit die dood opgestaan het, kan ons maar die kerke toemaak en die Bybel weggooi. Paulus sê vir die christene in Korinte dat die belangrikste ding wat hy aan hulle wou oordra, is dat Jesus vir ons sondes gesterf het, begrawe is, en op die derde dag weer opgestaan het uit die dood (1 Kor.15:3,4). Hy gaan voort deur vir hulle in v.14,17,18 te sê:

*En as Christus nie opgewek is nie, is ons prediking sonder inhoud en julle geloof ook sonder inhoud. ... as Christus nie opgewek is nie, **is julle geloof waardeloos** en is julle nog gevange in julle sondes: Dan is ook dié wat in Christus gesterf het, verlore.*

En tog is die verhaal van Jesus se opstanding 'n omstrede onderwerp. Baie mense beskou dit as onwaar. In ons moderne wêreld is daar nie plek vir aansprake wat nie met bewyse gestaaf kan word nie. Ons word in hierdie tye gereeld gewaarsku teen die verspreiding van "fake news." Hoe bewys ons dat Jesus wel opgestaan het? Ek sal nie iemand vandag met logiese beredeneringe en wetenskaplike navorsing van hierdie boodskap kan oortuig nie. Hulle sal net vir jou sê: *Sien is glo!* Die verhaal word egter nie deel van jou lewe wanneer jy dit verstandelik verstaan nie, maar eerder wanneer jy dit met die hart glo. Dit is slegs deur geloof wat ek die opstandingsverhaal as die waarheid vir my lewe kan aanvaar.

Hoe kom 'n mens dan tot geloof in die opstanding van Christus? Geloof word in ons gewek deur die Gees en die Woord. Die Bybel is 'n kosbare getuienis van hoe God met die mens van die begin van die skepping 'n pad geloop het. Dwarsdeur die Bybelse geskiedenis lees ons wie God is, hoe Hy veral sy genade en liefde betoon aan mense wat dikwels sy Vaderhart seergemaak het. Daarvan is die verhaal van Jesus se sterwe en opstanding 'n hoogtepunt. Die manier waarop Jesus optree teenoor Maria, die dissipels en selfs Tomas, wys vir ons iets van Jesus se liefde en geduld. Let veral op na hoe die woorde, "sien" en "glo" gebruik word.

Niemand het Jesus sien opstaan nie. Maria en die dissipels het aanvanklik net die leë graf gesien en dat Jesus se liggaam nie meer daar is nie. Hulle was ontsteld en verward, maar hul verwarring sou binnekort oorgaan in verwondering. Ontsteltenis in geloof. Maria se hartseer sal plek maak vir vreugde. Maria besoek die graf van Jesus. Al wat sy sien is die leë graf. Hewig ontsteld hardloop sy dadelik en gaan vertel vir Petrus en die ander dissipel. Hulle kom ook kyk na die graf. Petrus gaan in die graf in, en sien die doeke. Daarna kom die ander dissipel in, sien die doeke en glo. Dis interessant dat hierdie dissipel tot geloof kom *sónder* dat hy vir Jesus fisies sien. Die leë graf en die opgevoede doeke het hom oortuig van 'n wonderlike gebeurtenis wat plaasgevind het.

Nadat Maria met die twee engele gepraat het, draai sy om en sien vir Jesus daar staan (v.14). Sy sien Hom fisies, in lewende lywe, maar sy herken Hom nie! Sy dink dis die tuinier. Wanneer sien Maria Hom raak? Wanneer herken sy Hom? Wanneer is dit wat sy tot geloof kom? Haar oë gaan oop wanneer sy Jesus haar naam *hóór* sê. Eers dan kan sy aan die ander vertel dat sy Jesus *gesien* het. Dit is egter nie nou meer 'n fisiese sien met haar oë nie, maar 'n geloofsaak diep in haar hart. Sy kyk nou deur geloofsoë. Dit is eers wanneer die Woord van God tot hier diep in jou binneste begin praat dat jou oë begin oopgaan vir Hom.

Soms sukkel ons om werklik te glo. Tomas is so 'n voorbeeld (20:19-29). Jesus verskyn aan die dissipels, terwyl Tomas afwesig is. Wanneer hulle dan vir Tomas vertel dat Jesus aan hulle verskyn het, wil hy dit nie glo nie. Hy wil nie op grond van getuienis glo nie, hy wil sien, want sien is glo. Tomas wil egter nie net sien nie, hy wil ook *vóél*. Hy wil sy vinger in die merke van die spykers steek en sy hand in Jesus se sy, waar die

merk van die spies sit. Jesus veroordeel nie vir Tomas nie. Hy kom hom eerder te hulp en laat hom toe om dit te doen. So help Jesus Tomas om tot geloof te kom.

Maria en die dissipels was gelukkig om Jesus nog fisies te kon sien voordat Hy na die hemel opgevaar het. Maar wat van ons vandag? So gelukkig is ons nie. Of is ons dalk? Mense het al by geleentheid gesê: As Jesus tog net nou aan die wêreld kan verskyn, sal die mense tot geloof kom. Dan sal daar geen twyfel meer wees nie. Niemand sal dan 'n verskoning meer hê om tot bekering te kom nie. Die spreekwoord sê immers: *Sien is glo*.

Jesus vertel in Lukas 16:19-31 van 'n soortgelyke versoek wat 'n ryk man gehad het. Hy het 'n duur en weelderige lewe gelei maar het tot sterwe gekom. Daar was ook 'n man met die naam Lasarus, 'n baie arm man wat van die oorskiet van die ryk man se etes moes leef. Hy het ook tot sterwe gekom. In die doderyk verkeer die ryk man in pyn en sien dan vir Abraham en Lasarus in die verte. Eers versoek hy dat Lasarus tog net sy tong met 'n bietjie water kom afkoel. Abraham se antwoord was dat dit nie moontlik is nie. Dit is nou te laat. Die kloof tussen hemel en hel kan nie meer oorbrug word nie. Dan versoek die man uiteindelik dat Lasarus na sy broers gestuur word om hulle te waarsku sodat hulle nie in dieselfde plek as hy beland nie. Sy argument was naamlik dat as iemand uit die dood na hulle gaan, hulle tot bekering sal kom (vers 30). Abraham antwoord dan: *As hulle na Moses en die profete nie luister nie, sal hulle nie oortuig word nie **al sou iemand uit die dood opstaan*** (vers 31). Vergelyk dit met wat Jesus vir Tomas sê in Joh.20.29: *Glo jy nou omdat jy My sien? **Gelukkig is dié wat nie gesien het nie en tog glo.***

Sal mense regtig in Jesus begin glo as Hy nou vir 'n paar dae lank aan die wêreld verskyn? Kom ons dink so daaroor: Jesus was reeds op die aarde waar baie mense Hom gesien het. Hulle het Hom nie net gesien nie, maar ook na sy leringe en boodskappe geluister. Hulle het voor hul oë gesien hoe Jesus allerlei wonderwerke verrig. Het die hele wêreld toe in Hom geglo? Sommiges het wel geglo ja, maar baie ander het Hom verwerp. Daarvan getuig die kruisiging. Ons het nie nodig om Jesus fisies te sien nie. Ons het wel nodig om Hom met geloofsoë te sien. Dit kom deur die getuienis van sy Woord. Geen wonder dat die Hebreërskrywer dit dan so stel nie: *Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie* (Hebr.11:1).

Waar sien ons Jesus? Ons sien dit waar liefde en barmhartigheid aan mense betoon word. Ons sien Hom waar iemand sê: *Ek is jammer, my optrede was verkeerd. Ek het jou seergemaak*. Ons sien Hom waar geantwoord word: *Ek vergewe jou*. Ons sien Hom waar mense in moeilike omstandighede getroos, bemoedig en ondersteun word. Ons sien Jesus wanneer iemand sy Woord hoor, dit met vreugde aanneem en sy of haar lewe vir die Here gee. Hoe nader ons aan God leef, hoe meer sal ons dinge raak-sien en raak-hoor waarvan die wêreld nie altyd bewus is nie. Ons kan, op grond van Jesus se opstanding uit die dood, die spreekwoord omdraai: *Glo is sien!*

Gebed

*Here Jesus, ons loof U vandag,
omdat U vir ons duidelik gewys het dat die dood nie die laaste woord spreek nie;
omdat U ons weer kom vul het met hoop en geloof;
omdat U ons oë kom oopmaak het vir nuwe moontlikhede, nuwe realiteite, nuwe maniere van leef.
Open ons verstand om te glo wat ons nie kan verklaar nie;
open ons harte om te hoop op wat ons nie kan sien nie;
open ons lewens om te leef en lief te hê te midde van dood en hartseer;
laat die opstanding vandag weer in ons gebeur. Amen.*